# HOËRSKOOL ZWARTKOP

**Privaatsak X109, Centurion 0046**

**Tel no. (012) 654 4747 & (012) 654 8041  Faks no: (012) 654 5462**

**e-pos:  wenners@zwarries.co.za**

## Geagte Ouer

Baie dankie dat u Hoërskool Zwartkop as akademiese tuiste vir u kind oormerk.  Ons pronk met 'n gebalanseerde skool en gelukkige kinders.

Wees egter bewus daarvan dat die voltooiing van hierdie vorm nie u kind se inskrywing waarborg nie.  Elke aansoek moet finaal deur die Beheerliggaam goedgekeur word.

Indien u kind se aansoek goedgekeur word, vertrou ons dat u kind positief sal groei deur die geleenthede wat op die Zwarrie spyskaart aangebied word.

## Zwarriegroete

# A. TOELATINGSVEREISTES

## 1. Vereistes vir toelating

Die volgende vereistes vir toelating is deur die Beheerliggaam van die skool neergelê. 'n Leerder moet hieraan voldoen om tot die skool toegelaat te word.

***1.1 Ouderdom***

Die toelatingsouderdom van 'n leerder tot gr. 8 moet sodanig wees dat hy/sy nie 16 jaar oud word in die jaar van toelating nie.  Ouderdomme van leerders in gr. 9 - 12 word onderskeidelik met een jaar by toelating aangepas.

***1.2 Skolastiese en/of akademiese standaard***

1.2.1 Om die leerder korrek te plaas, moet aanvaarbare amptelike bewys(e) van bevredigende vordering van vorige skole gelewer word.

1.2.2 Aangesien die voertaal van die Hoërskool Zwartkop Afrikaans is, moet 'n leerder wat om toelating aansoek doen, baat kan vind by onderrig in Afrikaans.

1.2.3 Nadat 'n leerder toegelaat is, moet die normale vorderingstempo gehandhaaf word en daar moet voldoen word aan die vereiste soos bepaal in 1.1 hierbo.

***1.3 Skoolgeld***

Ouers/voogde van leerders wat toegelaat is, is wetlik verplig om skoolgeld soos deur die Beheerliggaam bepaal, te betaal.  Skoolgeld is maandeliks vooruitbetaalbaar.  Ouers/voogde moet onderneem om die betaling vol te hou vir die volle tydperk wat die leerder aan die skool verbonde is. Wanneer leerder skool verlaat, moet skoolfonds ten volle vereffe wees/word.

## 2. Ordereëlings

Wanneer 'n leerder tot Hoërskool Zwartkop toegelaat word, onderneem sy/haar ouers/voogde om toe te sien dat die leerder aan die volgende sal voldoen en aanvaar dat stappe deur die Beheerliggaam as regspersoon geneem sal word, indien daar onteenseglike bewyse is dat daar nie hieraan voldoen word nie:

2.1 Die etos van die Hoërskool Zwartkop as Christelike skool moet gehandhaaf word en mag nie deur die optrede van 'n leerder geskaad word nie.

2.2 Die algemene dissipline soos neergelê in die reëls (op aanvraag beskikbaar) van die skool moet gehandhaaf word.

2.3 'n Leerder mag hom/haar onder geen omstandighede aan vandalisme skuldig maak nie.

2.4 'n Aanvaarbare staat van higiëne en netheid moet gehandhaaf word.

2.5 'n Leerder mag hom/haar aan geen vorm van politieke aktivisme skuldig maak nie.

*Hierdie vorm moet asseblief in duidelike leesbare drukskrif voltooi word*

# B. LEERDERBESONDERHEDE

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VAN | | | | | | | | | | | | |
| VOLLE NAME | | | | | | | | | | | | |
| NOEMNAAM | | | | | | | | | Geslag | M | V | |
| GRAAD | | | | | VORIGE SKOOL EN PROVINSIE | | | | | | | |
| GEBOORTE-DATUM | J | J | J | J | M | M | D | D | | | | |
| ID-NR. | | | | | | | | | | | | |
| SELNR. | | | | | | | | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| PRESTASIES: | SPORT | |
| | KULTUUR | |
| | LEIERSKAP | |
| | AKADEMIE | |

# C. GESINSBESONDERHEDE

**Besonderhede van Vader/Voog**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| TITEL | | VAN | | | | | | | | | | |
| | | VOLLE NAME | | | | | | | | | | |
| ID-NR. | | | | | | | | | | | | |
| WOONADRES | | | | | | | | | | | | |
| POSADRES | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | KODE | | | | |
| TELEFOON | TUIS | | | | | | | | | | | |
| | WERK | | | | | | | | | | | |
| | SEL | | | | | | | | | | | |
| WERKGEWER | | | | | BEROEP | | | | | | | |
| E-POS ADRES | | | | | | | | | | | | |

## Besonderhede van Moeder/Voog

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| TITEL | | VAN | | | | | | | | | | | |
| | | VOLLE NAME | | | | | | | | | | | |
| ID-NR. | | | | | | | | | | | | | |
| WOONADRES | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| POSADRES | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | KODE | | | | |
| TELEFOON | TUIS | | | | | | | | | | | | |
| | WERK | | | | | | | | | | | | |
| | SEL | | | | | | | | | | | | |
| WERKGEWER | | | | | | BEROEP | | | | | | | |
| E-POS | | | | | | | | | | | | | |

## Status van Gesin

*(Merk met 'n X en omkring waar nodig)*

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| BEIDE OUERS | | WEWENAAR/ WEDUWEE | | VOOGDE | | |
| GESKEI, BLY BY PA | | GESKEI, BLY BY MA | | GROOTOUERS | | |
| KERKVERBAND EN GEMEENTE | | | | | | |
| AANTAL KINDERS IN HIERDIE SKOOL | | AANTAL KINDERS IN HIERDIE GESIN | | HUISTAAL | | |
| Noemnaam: Kind 1 | | | | Gr. & Klas | | |
| Noemnaam: Kind 2 | | | | Gr. & Klas | | |
| Noemnaam: Kind 3 | | | | Gr. & Klas | | |

## Telefoonnommers vir noodgevalle:

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| NAAM | | | | VERWANTSKAP | | | | | | |
| HUIS | | | | | | | | | | |
| SEL | | | | | | | | | | |
| WERK | | | | | | | | | | |

## Mediese besonderhede

| | | | |
|---|---|---|---|
| NAAM VAN HOOFLID | | MEDIESE FONDS | |
| OPSIE/PLAN | | FONDS NR. | |
| HUISDOKTER | | TEL.NR. | |

# D. ONDERNEMING: SKOOLGELD

## 1. BETALINGSVOORWAARDES

Die ***eerste paaiement*** van die skoolgeld is ***betaalbaar in Januarie*** en ***daarna*** maandeliks op die ***1ste dag van elke maand***. Alle skoolgeld moet voor of op 7 Oktober vereffen wees. Stappe sal geneem word en rente sal gehef word teen agterstallige rekeninge. Bestaande debietorders word jaarliks aangepas. Dit word aanbeveel dat u van 'n debietorder-betalingsmetode gebruik sal maak. Die koste van onbetaalde debietorders sal teen u rekening gehef word.
Die debietorderdatum is op die 1ste van elke maand: 1 Februarie tot 1 November.

**Aansoeke om korting moet jaarliks gedoen word.**
Voorsiening word gemaak vir gr. 8- en gr. 9-leerders vir die gedeeltelike of algehele vrystelling van skoolgeld. Hierdie korting word op die bruto inkomste per huishouding bereken deur die ouer wat verantwoordelik is vir die betaling van skoolgelde op grond van 'n formule soos vervat in die Onderwyswet van SA.

Vorms is vanaf Januarie by die skool beskikbaar en moet voor die einde van Februarie by die skool terug besorg word om hiervoor in aanmerking te kom. Dokumente moet self deur die ouer, wat verantwoordelik is vir die betaling van die skoolgelde, afgehaal word. **Geen laat en/of onvolledige aansoeke sal verwerk word nie.** Korting vir nie-skoolpligte leerders (Gr. 10-12) sal op meriete oorweeg word.

## 2. VAKBELADING

Nog addisionele kostes is aan sekere vakke verbonde omdat hierdie vakke groter finansiële implikasies het. Dit is eenmalig betaalbaar voor die einde van Maart. Indien 'n leerder na die eerste kwartaal van vak verander, sal die volle vakbelading nog steeds betaalbaar wees.

## 3. DOMICILIUM CITANDI ET EXECUTANDI

***Besonderhede en huishoudingsadres van die persoon verantwoordelik vir die betaling van skoolgeld***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **VOLLE NAME EN VAN** | | | | |
| **WOONADRES** | | | | |
| | | | **POSKODE** | |
| **TEL.NOMMERS** | **(W)** | | **(SEL)** | |
| **E-POS ADRES** | | | | |
| **Besonderhede van persoon nie woonagtig by dieselfde adres as u nie** | | | | |
| **NAAM** | | | | |
| **ADRES** | | | | |
| **TEL.NOMMERS** | **(W)** | | **(SEL)** | |
| **E-POS ADRES** | | | | |

Ek verklaar dat ek aanspreeklik sal wees vir die stiptelike betaling van onderriggelde wat uit hoofde van my/ons verbintenis met Hoërskool Zwartkop betaalbaar is.

ONDERTEKEN TE ________________________________

OP HIERDIE ______________________ DAG VAN ________________________________ 20________________

________________________________ ________________________________

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG IDENTITEITSNOMMER

| **EK BETAAL PER:** *(Merk asseblief met X)* | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **KONTANT** | | **DEBIETORDER** | | **INTERNET/ DIREK** | | **KAARTFASILTEIT (Kantoor)** | |

# E. AKADEMIESE VAKKEUSE

## GRAAD 8 EN GRAAD 9

***Daar kan gekies word tussen die Algemene of Tegno-akademiese studierigtings.***

***Beide studierigtings neem die onderstaande verpligte leerareas:***

| **Studierigting** (*Merk met X*) | |
|---|---|
| **ALGEMEEN** | |
| **TEGNO-AKADEMIES** | |

| | |
|---|---|
| TGK: | Taal, Geletterdheid en Kommunikasie (Afrikaans Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal) |
| WISK: | Wiskunde |
| NW: | Natuurwetenskappe |
| KUKU: | Kuns en Kultuur |
| SW: | Sosiale Wetenskappe |
| EBW: | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| REK: | Rekeningkunde |
| LEO: | Lewensoriëntering |
| TEGN: | Tegnologie |

***Indien die TEGNO-AKADEMIESE STUDIERIGTING gekies word, neem die leerders Ingenieursgrafika- en Ontwerp asook Tegniese Teorie en Praktyk as verpligte vakke. GEEN KEUSE word in dié geval uit die onderstaande lys gemaak nie.***

***Indien die ALGEMENE STUDIERIGTING gekies word, moet daar nog 'n keuse uitgeoefen word van twee verrykingsvakke uit die lys.***

## TWEE VERRYKINGSVAKKE (*Slegs vir algemene studierigting*) *MERK MET X*

| | | | |
|---|---|---|---|
| DANS *(onderhewig aan keuring)* | | MUSIEK *(onderhewig aan keuring)* | |
| SOLOSANG *(onderhewig aan keuring)* | | GASVRYHEIDSTUDIE | |
| REKENAARTIK | | TOERISME | |
| SPRAAK EN DRAMA *(onderhewig aan keuring)* | | LUGVAARTKUNDE *(onderhewig aan keuring)* | |
| INGENIEURSGRAFIKA EN –ONTWERP | | SPORTORIËNTERING: Netbal | |
| SPORTORIËNTERING: Gholf | | SPORTORIËNTERING: Rugby | |
| SPORTORIËNTERING: Hokkie | | SPORTORIËNTERING: Tennis | |
| SPORTORIËNTERING: Krieket | | | |

**Let daarop** dat slegs een sportvak gekies mag word en dat die voorgeskrewe keuringsvorm wat op aanvraag beskikbaar is, dan ook voltooi moet word. Indien tennis of gholf as sportvak gekies word, moet daar nog twee keusevakke gekies word omrede tennis en gholf buite die roosterure voor skool aangebied word.

Indien Dans, Spraak & Drama, Musiek, Solosang of Lugvaartkunde as verrykingsvakke gekies word, is keuring ook ter sprake en sal u telefonies verwittig word van keuringsdatums. By Lugvaartkunde is hoë wiskundige vaardighede 'n vereiste. Let ook daarop dat 'n leerder nie Musiek en ook Solosang as vakke mag neem nie, maar dat slegs een van laasgenoemde twee vakke geneem mag word. Indien daar nie minstens 20 leerlinge 'n spesifieke vak kies nie, kan u gevra word om 'n alternatiewe keuse uit te oefen.

# AKADEMIESE VAKKEUSE: GRAAD 10 -12

| **Studierigting** (*Merk met X)* | |
|---|---|
| **ALGEMEEN** | |
| **TEGNO-AKADEMIES** | |

## VERPLIGTE VAKKE *(Vir toelating tot verdere studie) Merk met X waar nodig*

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFRIKAANS HUISTAAL (EERSTE TAAL) | | DIPLOMA: Ten minste 40% in vier vakke, uitgesluit LEO en donker kursiefgedrukte vakke | |
| ENGELS EERSTE ADDISIONELE TAAL | | GRAAD: Ten minste 50% in vier vakke, uitgesluit LEO en die donker kursiefgedrukte vakke | |
| LEWENSORIËNTERING | | Vir DIPLOMA en GRAAD mag nie meer as twee van die donker kursiefgedrukte vakke geneem word nie. *MERK MET X* | |
| WISKUNDIGE GELETTERDHEID | | WISKUNDE | ***(Kies tussen Wiskundige Geletterdheid en Wiskunde)*** |

## KEUSEVAKKE *(KIES DRIE VAKKE) Merk met X*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| FISIESE WETENSKAP | | LEWENSWETENSKAP (Biologie en Fisiologie) | | DRAMATIESE KUNS *(Keuring)* | |
| INLIGTINGSTEGNOLOGIE *(keuring)* | | ***REKENAARTOEPASSINGS-TEGNOLOGIE*** *(Keuring)* | | VISUELE KUNS *(Keuring)* | |
| REKENINGKUNDE | | BESIGHEIDSTUDIE | | MUSIEK *(Keuring)* | |
| EKONOMIE | | GEOGRAFIE | | ***GASVRYHEIDSTUDIE*** (Hotelhouding en Spysseniering) *(Keuring)* | |
| GESKIEDENIS *(nie vir gr.11 nie)* | | ***TOERISME*** | | Ingenieursgrafika en –ontwerp | |
| ***SIVIELE TEGNOLOGIE*** *(Samevoeging van ou Houtwerk, Houtwerkkunde, Tegnika Siviel, Boukonstruksie en Messelwerk en pleister).* | | ***ELEKTRIESE TEGNOLOGIE*** *(Samevoeging van ou Elektrisiënswerk, Tegnika Elektronika en Tegnika Elektries)* | | ***MEGANIESE TEGNOLOGIE*** *(Samevoeging van ou Tegnika Meganies, Pas- en draaiwerk, sweis- en metaalwerk en Motormeganika)* | |

## TOELATINGSVEREISTES

- Inligtingstegnologie (nie van toepassing op addisionele vak nie) moet 'n leerder ten minste 65% vir Wiskunde aan die einde van graad 9 kry, om die vak in graad 10 te mag neem.
- Om Wiskunde in graad 10 te mag neem, moet 'n leerder ten minste 50% vir Wiskunde aan die einde van graad 9 behaal, anders word dit aanbeveel dat 'n leerder Wiskundige Geletterdheid neem.
- Keuring word vereis in Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Gasvryheidstudie, Visuele Kuns, Dramatiese kuns en Musiek.
- Inligtingstegnologie en Rekenaartoepassingstegnologie mag nie saam geneem word nie.
- Dit word aanbeveel dat leerders wat nie Rekeningkunde en Ingenieursgrafika en -ontwerp as verrykingsvakke in graad 8 en 9 gehad het nie, dit nie as vakke in die senior fase neem nie.
- Leerders wat Elektriese-, Meganiese- of Siviele Tegnologie neem, moet verkieslik ook Ingenieursgrafika en –ontwerp, Wiskunde (en nie Wiskundige geletterdheid nie) en Fisiese Wetenskap neem. Indien Wiskunde nie ook hiermee saam geneem word nie, word ingenieurstudies op universiteit uitgesluit. Daar mag ook net een keuse uit Elektriese-, Meganiese- en Siviele Tegnologie gemaak word.
- Indien minder as 20 leerders 'n vak kies, kan die vak nie in Graad 10 aangebied word nie *(Musiek uitgesluit)*.

## ADDISIONELE VAKKE

'n Leerder moet die vak/ke wat addisioneel geneem wil word, vanaf graad 10 tot graad 12 neem. Geen jaar mag oorgeslaan word nie. Leerders mag dus nie voor hul matriekjaar matriekvakke afskryf nie. Alle portefeuljewerk en assesseringsvereistes is ook net so op die addisionele vakke van toepassing soos wat dit op die vakke wat in die gewone roosterure geneem word, van toepassing is. Navrae kan aan die onderskeie vak- / departementshoofde gerig word vir kostes en vereistes.

**Dit is belangrik om daarop te let dat sekere studierigtings by tersiêre instellings unieke vakpakkette vereis. Dit is u en u kind se eie verantwoordelikheid om u van hierdie vereistes te vergewis en kan die skool nooit verantwoordelik gehou word vir enige vakpakket wat u kind in die toekoms mag penaliseer nie.**

# F. VRYWARINGSVORM

## 1. TOESTEMMING VIR OPVOEDKUNDIGE AKTIWITEITE

Ek, ______________________________________________________________________ (volle name), die ouer/wettige voog

van ______________________________________________________________________ (kind se naam) gee toestemming dat my kind sport-, kultuur- en ander aktiwiteite mag meemaak en toere en uitstappies mag meemaak.

Ek is daarvan bewus dat die bywoning en deelname van hierdie aktiwiteite, die moontlikheid van beserings kan inhou. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorgmaatreëls getref sal word om die veiligheid en welsyn van my kind te verseker.

Ek verstaan dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese en/of hospitaalrekeninge sou 'n besering opgedoen word wat nie aan nalatigheid aan die kant van die opvoeder/personeel verantwoordelik, toegeskryf kan word nie.

Ek dra my magte as ouer/wettige voog oor aan die hoof van die skool of sy/haar verteenwoordiger op indien enige mediese behandeling vir my kind nodig geag word.

## 2. MEDIESE INLIGTING

My kind ly aan die volgende siekte(s) (kwale): (bv. diabetes, floutes, epilepsie):

______________________________________________________________________

My kind is allergies vir: (bv.penisillien, bysteek):____________________________________________

# G. LOJALITEITSKAARTE

Hoërskool Zwartkop het met verskeie maatskappye 'n ooreenkoms tot voordeel van die skool. Wanneer ouers, familie en vriende ons verskaffers ondersteun, word die skool finansieël beloon. Spesiale aanbiedinge word by tye slegs aan lojale kaarthouers toegestaan.

| **Makro en My School-kaart** *(Merk met 'n X)* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kan ons aan u 'n Makro-kaart, gekoppel aan Hoerskool Zwartkop, verskaf? | JA | | NEE | |
| Kan ons aan u 'n My School-kaart, gekoppel aan Hoerskool Zwartkop, verskaf? | JA | | NEE | |

# H. ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG

**Ek verklaar dat:**

1. ek die vorm volledig ingevul het en dat die besonderhede daarin vervat na die beste van my wete waar en juis is;
2. ek my neerlê by die vereistes tot toelating en die ordereëlings soos uiteengesit in Afdeling A.

ONDERTEKEN TE ______________________________ OP HIERDIE ______________________

DAG VAN ______________________________ 20________________________

______________________________ ______________________________

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG IDENTITEITSNOMMER

# I. ONDERNEMING DEUR LEERDER

**Ek verklaar dat:**

1. ek die vorm volledig ingevul het en dat die besonderhede daarin vervat na die beste van my wete waar en juis is;
2. ek my neerlê by die vereistes tot toelating en die ordereëlings soos uiteengesit in Afdeling A.

ONDERTEKEN TE ______________________________ OP HIERDIE ______________________

DAG VAN ______________________________ 20________________________

______________________________ ______________________________

HANDTEKENING VAN LEERDER IDENTITEITSNOMMER